

Diskussiedokument

Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch

Eerste Konsep, 16 Oktober 2007

1. Inleiding

Die Universiteit erken en respekteer, ook in die aanvaarding en uitlewing van haar taalbeleid, die kernwaardes wat in die Suid-Afrikaanse Grondwet vervat word. Die Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch moet verder verstaan word teen die agtergrond van Visie 2012, wat bepaal dat die Universiteit

- 'n uitnemende akademiese instelling en gerespekteerde kennisvennoot is
- bou aan die wetenskaplike, tegnologiese en intellektuele kapasiteit van Afrika
- 'n aktiewe rolspeler is in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing
- 'n kampuskultuur het wat 'n diversiteit van mense en idees verwelkom
- Afrikaans bevorder as onderrig- en wetenskapstaal in 'n meertalige konteks

Die Taalbeleid dien in eerste instansie die beoefening van die wetenskap aan die Universiteit, daarom moet daar in die formulering en die toepassing van die beleid 'n gesonde balans gevind word tussen hierdie vyf visiestellings.

Die Taalbeleid hou verder ook rekening met nasionale beleidsraamwerke oor taal in Suid-Afrika, en veral met die taalbeleidsraamwerk vir hoërsonderwys in Suid-Afrika.¹

2. Vertrekpunte

Die taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch neem die volgende vertrekpunte in ag.

Strategiese vertrekpunte

1. Dat Visiestelling 2012 as vertrekpunt dien.
2. Dat die taalbeleid die diversiteitsdoelwitte van die Universiteit behoort te ondersteun.
3. Dat die Universiteit 'n nasionale bate is wat streef na akademiese uitnemendheid tot voordeel van die hele Suid-Afrikaanse gemeenskap.
4. Dat taal en taalgebruik die akademiese funksie van die Universiteit behoort te dien en nie andersom nie, d.w.s. dat taal 'n instrument is deur middel waarvan voortreflike onderrig, navorsing en tersaaklike gemeenskapsdiens uitgevoer word.
5. Dat die taalbeleid kommunikasie vir die doeleindes van effektiewe leer, onderrig, navorsing en administrasie behoort te fasiliteer.
6. Dat die taalbeleid in die ondersteuning van die onderrigfunksie student- en leergesentreerd moet wees.

¹ *Language Policy for Higher Education*, 2002.

7. Dat die taalbeleid van die Universiteit die demografiese en ander realiteite waarbinne die Universiteit funksioneer behoort in ag te neem.
8. Dat die taalbeleid die strategiese beplannings- en beleidsbesluite van die Universiteit behoort te ondersteun.
9. Dat taalbehoefte in die verskillende omgewings van die Universiteit nie noodwendig dieselfde is nie en dat die taalbeleid vir hierdie behoefteverskille voorsiening behoort te maak.

Wat Afrikaans en sy meertalige konteks betref:

10. Dat die Universiteit histories aan Afrikaans 'n besondere plek gegee het en nog steeds wil gee en 'n voorkeurbestemming vir Afrikaanssprekende studente wil bly.
11. Dat die Universiteit meertaligheid sien as 'n onderdeel van die ideale profiel van 'n Stellenbosse gegradueerde.

3. Bepalings van die Taalbeleid

Die Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch word in die volgende bepalinge saamgevat:

3.1 Oorhoofse bepalinge

1. Die Universiteit Stellenbosch onderskryf die beginsel dat die Universiteit se taalbeleid in die eerste plek die beste belang van haar personeel en studente moet dien.
2. Die US se akademiese bedryfstaal is oorwegend Afrikaans.
3. Die taalbeleid word bepaal en toegepas met inagneming van die eise wat in besondere omgewings geld (bv. bestuur, fakulteite, sentra, steundienste).

3.2 Besondere bepalinge

1. Afrikaans word sonder enige motivering gebruik as leer- en onderrigtaal in voorgraadse modules.
2. Engels word soos en waar dit gerade geag word en met gepaardgaande gepaste motivering as voorgraadse leer- en onderrigtaal gebruik.
3. Die taal van nagraadse leer en onderrig word bepaal deur die betrokke onderrigomgewings, met inagneming van die visie van die Universiteit.
4. Die bedryfstaal van die US is Afrikaans, maar waar dit redelik en doenlik is, word ook Engels en isiXhosa, gebruik.
5. Studenteliggame (rade, komitees en verenigings) gebruik Afrikaans, en waar redelik en doenlik ook Engels en isiXhosa, as voertale. Daar word rekening gehou met die beginsel van inklusiwiteit, maar ook met die besondere beperkings wat in hierdie omgewings geld.
6. Studente se akademiese geletterdheid in Afrikaans en Engels word stelselmatig ontwikkel. Vir isiXhosa word in bepaalde programme voorsiening gemaak met die oog op beroepskommunikasie.

7. Die Universiteit bevorder isiXhosa as onderrig- en wetenskapstaal binne die raamwerk van wat redelik en doenlik is.
8. Die Universiteit voorsien taaldienste ten aansien van Afrikaans, Engels en isiXhosa.
9. Die Universiteit formuleer 'n oorhoofse bevorderingsplan vir Afrikaans en sien toe dat die plan op effektiewe wyse gerealiseer word.

4. Implementering

4.1 Algemene beginsels

In die implementering van die Taalbeleid moet daar rekening gehou word met die Universiteit se visie en missie, strategiese planne, en doelstellings en beleid oor leer en onderrig, navorsing, gemeenskapsdiens en bestuur en administrasie. Die volgende beginsels geld in hierdie konteks:

1. Die Universiteit se Taalbeleid laat 'n spektrum van taalkeuses toe wat Afrikaans, Engels en, waar redelik en doenlik, isiXhosa insluit.
2. Die volle reikwydte van taalkeuses en -meganismes kan oorweeg word binne 'n bepaalde konteks, waaronder slegs Afrikaans, slegs Engels, slegs of soms ook isiXhosa, dubbelmedium, parallelmedium, tolking, en vertaling van materiaal.
3. Die taalkeuses word bepaal met inagneming van die taaldemografiese realiteite wat geld binne 'n bepaalde omgewing.
4. Die taalkeuses is sensitief vir die strategiese doelwitte van die besondere omgewing en vir die instelling in sy geheel.
5. Studie- en assesseringsmateriaal (handboeke uitgesluit) word, sover moontlik, in Afrikaans en Engels beskikbaar gestel.
6. In die uitvoering van die Taalbeleid word daar rekening gehou met tegnologiese en ander hulpmiddele wat effektiewe implementering van die Taalbeleid kan fasiliteer. Binne hierdie konteks word daar veral rekening gehou met die rol wat tolking en vertaling in die bestuurs-, akademiese en steundienste-omgewings kan speel.
7. Keuses wat binne die konteks van die Taalbeleid gemaak word (bv. keuses van taalspesifikasies en keuses rakende talige hulpmiddele soos vertaling en tolking) neem die opvoedkundige oorwegings en die beperkinge rakende finansiële en ander hulpbronne in ag.

4.2 Integrasie van omgewings se taalplanne in ooreenstemming met die US se bestuursmeganismes

1. Taalplanne van die onderskeie akademiese en steundienste-omgewings aan die US moet in ooreenstemming met die oorhoofse taalbeleid opgestel word. Die taalbeleid van die US sal met integriteit in alle omgewings toegepas word met inagneming van die bestaande bestuurstrukture. Dit impliseer dat:
 - a) lede van die universiteitsgemeenskap sover moontlik die beleid moet aanvaar en toepas
 - b) meganismes beskikbaar sal wees om die toepassing van die beleid te monitor

- c) prosedures vir die ontvangs en hantering van klagtes oor taal in onderrig, bestuur en administrasie in plek sal wees
2. Elke omgewing werk in oorleg met die Direkteur: Taalsentrum 'n taalplan uit vir die betrokke omgewing ooreenkomstig die beginsels en bepalings vervat in hierdie beleid. Dit sluit in dat omgewings (soos fakulteite) onder leiding van hulle dekane en/of afdelingshoofde self besluit oor die taalopsies wat in daardie omgewings uitgeoefen sal word, maar met inagneming van die bepalings van die taalbeleid en die eise wat van tyd tot tyd deur die bestuurstrukture soos beskryf in Afdeling 5 bepaal mag word. Hierdie taalplanne word goedgekeur met inagneming van die bestuurstrukture wat in die betrokke omgewings bestaan.
 3. Elke VS-hoof aanvaar finale verantwoordelikheid vir die taalplan wat vir sy/haar omgewing bepaal word, en lewer een maal per jaar aan die Bestuur (met name die Viserektor: Onderrig), sowel as aan die Senaat en Raad verslag oor die implementering van die US se Taalbeleid in hulle betrokke omgewings. Van VS-hoofde word op hulle beurt verwag om die betrokke bestuurders in hulle onderskeie omgewings verantwoordelik te hou vir die implementering van die taalbeleid en die omgewingspesifieke taalplan in die onderskeie departemente/ sentra/buro's van die US. Na aanleiding van VS-hoofde se jaarlikse verslae oordeel die Bestuur oor die mate waarin die Taalbeleid bestuursmatig korrek in die betrokke omgewings uitgevoer word en tref, indien nodig, die tersaaklike maatreëls. Die Raad oordeel uiteindelik, op aanbeveling van die Taalkomitee (sien ook 5.4.3) en die Senaat, oor die vraag of die algemene bepalings van die Taalbeleid bevredigend in die omgewings se taalplanne tot uitdrukking kom en uitgevoer word.
 4. In die opstel en implementering van taalplanne vir die verskillende omgewings moet toegesien word dat aan die bestaande Gedragskodes vir Taal in die Klaskamer, sowel as vir Taalgebruik in die Steundienste van die US, uitvoering gegee word.
 5. Enige klagtes oor taalaangeleenthede aan die US word hanteer binne die normale bestuurs-, akademiese en steundienstestrukture. Indien strukture op die fakulteits- of steundienstevlak ontoepaslik blyk te wees vir die kanalisering van sodanige klagtes, word die klagtes gerig aan die Viserektor (Onderrig) wat klagtes kan verwys na die Taalkomitee, en via die Taalkomitee na die Senaat en die Raad. Moeite word gedoen om die betrokke klagte op die laagste moontlike vlak van besluitneming op te los, en indien dit nie moontlik is nie, word die klagte verwys na 'n hoër vlak van besluitneming. As laaste uitweg kan 'n klag aan die ombudspersoon van die Universiteit voorgelê word (kyk ook 6.3).
 6. Dekane en afdelingshoofde is verantwoordelik vir die monitering van die Taalbeleid en -plan in hulle onderskeie omgewings. Hieroor word, op tye wat deur die Bestuur in oorleg met die Senaat en die Raad bepaal sal word, gerapporteer aan die Bestuur en, via die Taalkomitee, aan die Senaat en Raad.

4.3 Leer en onderrig

4.3.1 Beginsels

In leer en onderrig word verskillende taalspesifikasies geïmplementeer op so 'n wyse dat die beste belang van die Universiteit se studente gedien word en suksesvolle leer en onderrig verseker word.

Naas die bepalinge in Afdeling 3 word taalopsies in onderrig bepaal deur die volgende beginsels:

1. Die voorkeurtaal vir voorgraadse onderrig is Afrikaans, maar die taaldemografiese profiel van 'n omgewing moet in ag geneem word by die bepaling van die taalopsies binne daardie omgewing.
2. Die nagraadse onderrigtaal word deur die betrokke omgewing bepaal met inagneming van die visie, missie en waardes van die Universiteit.
3. Onderrigmateriaal moet sover moontlik in Afrikaans en Engels beskikbaar wees.
4. Parallelmediumonderrig word aangewend waar dit redelik en doenlik is.
5. Vraestelle, opdragte of enige ander assesseringsmateriaal moet in Afrikaans en Engels beskikbaar wees.
6. Studente het voor- en nagraads 'n vrye keuse om stukke wat vir assessering aangebied word in Afrikaans of Engels aan te bied.
7. Die Universiteit voorsien die nodige taalondersteuning, waaronder taalkursusse, taalvaardigheidsprogramme, vertaal- en tolkdienste.
8. Waar besondere omstandighede geld, moet dosente en studente toegelaat word om in 'n gees van onderlinge respek en samewerking met mekaar te onderhandel ten einde taalkonflik te vermy.
9. Sover moontlik word daar verseker dat daar koherensie van taalspesifikasies oor programme heen sal wees.
10. Kursusmateriaal binne die e-leeromgewing volg die taalspesifikasie van die betrokke module.

4.3.2 Taalspesifikasies in leer en onderrig

Ter wille van die effektiewe bestuur van taalbeleid in die onderrigssituasie word die volgende taalspesifikasies binne die spektrum geïdentifiseer.²

4.3.2.1 Die A-taalspesifikasie

Die A-taalspesifikasie is by voorkeur die keuse vir voorgraadse modules.

Dit beteken dat, tensy anders bepaal word, die A-taalspesifikasie van die Taalplan outomaties vir alle voorgraadse modules geld. In voorgraadse modules word daar slegs na oorweging van deeglike motivering van hierdie posisie afgewyk.

² Taalspesifikasies word op modulevlak gespesifiseer omdat spesifikasies hoër op in die programhiërargie te kompleks is (kyk o.a. 4.3.1 (i)).

Kenmerke

- (a) Die mondelinge kommunikasietaal van die dosent in lesings, seminare, tutoriale en praktika is Afrikaans, maar sleuteltermen en konsepte kan ook kortliks in Engels toegelig word. Studente wat vrae in Engels stel, behoort deur die dosent in Engels beantwoord word.
- (b) Die skriftelike beantwoording van toets- en eksamen vraestelle en werkopdragte deur studente is in Afrikaans of Engels.
- (c) Die mondelinge aanbiedings deur studente in lesings, seminare, tutoriale en praktika is in Afrikaans of Engels.

4.3.2.2 Die A&E-taalspesifikasie

Die A&E-taalspesifikasie hou in dat afsonderlike 'strome' in onderskeidelik Afrikaans en Engels aangebied word (parallelmedium). Dit is 'n opsie wat sterk aangemoedig word in daardie gevalle waar die verdeling akademies haalbaar en bekostigbaar is.

Kenmerke

Raadpleeg die kenmerke van die A- en die E-taalspesifikasies.

4.3.2.3 Die T-taalspesifikasie

Die T-taalspesifikasie hou in dat Engels meer uitgebreid gebruik word in bepaalde leer- en onderrigkontekste waar die teikengroep studente verkieslik oor 'n toepaslike vlak van taalvaardigheid in Afrikaans én Engels beskik.

Die gebruik van Afrikaans in die leer- en onderrigkontekste wat hieronder beskryf word, is dieselfde as in die A-taalspesifikasie en is minstens 50%, maar kan hoër wees.

Kenmerke

- (a) Die mondelinge kommunikasietaal van die dosent in lesings, seminare, tutoriale en praktika van 'n module is
 - (i) in dieselfde klas Afrikaans en Engels, met dien verstande dat die gebruik van Afrikaans minstens 50% is, of
 - (ii) afwisselend Afrikaans en Engels in verskillende klasse van 'n module of program, met dien verstande dat die gebruik van Afrikaans minstens 50% is
- (b) Die skriftelike beantwoording van toets- en eksamen vraestelle en werkopdragte is in Afrikaans of Engels volgens studente se voorkeur akademiese taal.
- (c) Die mondelinge aanbiedings deur studente in lesings, seminare, tutoriale en praktika is in die T-taalspesifikasie Afrikaans of Engels volgens hulle voorkeur akademiese taal.

4.3.2.4 Die E-taalspesifikasie

Die E-taalspesifikasie is met hoë uitsondering 'n keuse vir modules op voorgraadse vlak, maar is meer algemeen 'n keuse op nagraadse vlak. Dit kan oorweeg word as taalspesifikasie volgens die riglyne hier onder aangedui.

Kenmerke

- (a) Die mondelinge kommunikasietaal van die dosent in lesings, seminare, tutoriale en praktika, is Engels, maar sleuteltermen en konsepte kan ook kortliks in Afrikaans toegelig word. Studente mag vrae in Afrikaans stel.
- (b) Die skriftelike beantwoording van toets- en eksamenvraestelle en werkopdragte deur studente is in Engels of Afrikaans.
- (c) Die mondelinge aanbiedings deur studente in lesings, seminare, tutoriale en praktika is in Engels of Afrikaans.

4.4 Navorsing

Taalkeuses in navorsing word bepaal deur die volgende beginsels:

1. Navorsing word beplan, uitgevoer en gerapporteer in Afrikaans of in Engels.
2. Die keuse word primêr aan die navorser oorgelaat wat die keuse uitvoer in oorleg met die hoof of navorsingsbestuurder/-toesighouer van die betrokke omgewing.
3. Taalopsies in navorsing neem deurlopend die eise van Visiestelling 2012, punt 5 in ag.

4.5 Steundienste

Taalopsies in die steundienste word bepaal deur die volgende beginsels:

1. Die taal van die Universiteit is oorwegend Afrikaans, maar waar dit redelik en doenlik is, word ook Engels en isiXhosa gebruik.

Dit beteken dat alle amptelike dokumente, in welke medium ook al, minstens in Afrikaans beskikbaar is, behalwe in gevalle waar eksterne faktore anders bepaal. Dit beteken verder dat Afrikaans normaalweg die taal van amptelike geleenthede soos amptelike vergaderings, seremoniële geleenthede, intreeredes, amptelike kennisgewings en korrespondensie, bemaking, en dergelike is.

Die gees van die Universiteit se Taalbeleid bepaal egter ook dat die voorkeure van nie-Afrikaanstaliges begryp en gerespekteer moet word. "Normaalweg" beteken binne hierdie konteks dus ook "maar nie uitsluitlik nie".

2. Belangrike beleids- en besprekingsdokumente word ook in Engels beskikbaar gestel.
3. Dokumente oor diensvoorwaardes is beskikbaar in Afrikaans, Engels en isiXhosa volgens die behoefte van personeel.
4. Skriftelike kommunikasie in departemente en afdelings (agendas, inligtingstukke) verskyn in Afrikaans, en waar redelik en doenlik ook in Engels.
5. Binne omgewings wat deurlopend met die publiek en studente kommunikeer, verseker die Universiteit dat daar genoegsame personele is wat gemaklik ook in Engels en waar enigsins moontlik ook in isiXhosa kan kommunikeer.
6. Om uitvoering te gee aan (a) tot (e) moet gepaste en voldoende opleidings-, vertaal-, redigeer- en (waar doenlik) tolkdienste beskikbaar gestel word.
7. Die taal van werwing is Afrikaans en Engels, en in sekere gevalle isiXhosa.

8. Amptelike dokumentasie aan studente vanaf die Universiteitsadministrasie is in Afrikaans of Engels na gelang van die voorkeurtaal.
9. Bemerkingsdokumente (dit sluit die webwerwe van die Universiteit, fakulteite, departemente en steundiensafdelings in) is in Afrikaans en Engels.

4.6 Taalopsies in die georganiseerde studentelewe

Studente-organisasies neem die vertrekpunte en bepalings van die Taalbeleid in ag wanneer hulle die taalbeleid implementeer. Dit beteken onder andere dat Afrikaans oorwegend die taal van die georganiseerde studentelewe sal wees. Die uitlewing van die Taalbeleid neem egter die besondere beperkinge wat in hierdie konteks geld in ag.

5. Die bestuur van die Taalbeleid

5.1 Finale verantwoordelikheid

Die finale verantwoordelikheid vir die goedkeuring van en toesig oor die Taalbeleid berus by die Senaat en die Raad.

5.2 Verantwoordelikheidsentrum

Die Taalbeleid word bestuur binne die verantwoordelikheidsentrum (VS) van die Viserektor (Onderrig). Die Viserektor (Onderrig) tree op as uitvoerende bestuurder en deleger take rakende die bestuur van die Taalbeleid binne sy/haar VS-omgewing, ooreenkomstig die beginsels en bepalings van die beleid.

5.3 Prosedures vir die keuse van taalspesifikasies in leer en onderrig

Die besluitneming oor die keuses van taalspesifikasies geskied volgens die bepalings van die Taalbeleid en volg die roete van die fakulteite se programkomitees, onderrigkomitees (of aanverwante strukture), die fakulteitsrade, of enige ander tersaaklike bestuursliggame, via die Taalkomitee, met finale voorlegging aan die Senaat en die Raad vir goedkeuring.

5.4 Bestuur van die taalbeleid vir die steundienste

Die bestuur van die taalbeleid vir die steundienste is 'n lynfunksie van die onderskeie VS-hoofde, met inagneming van die bestuurstrukture waarbinne hierdie hoofde moet funksioneer.

Steundienste-omgewings doen op 'n gereelde grondslag verslag oor die implementering van hulle taalplanne ooreenkomstig die eise wat van tyd tot tyd deur die bestuursliggame genoem in hierdie afdeling bepaal mag word.

5.5 Die Taalkomitee

5.5.1 Posisionering

Die Taalkomitee (voortaan TK) is 'n gesamentlike komitee van die Senaat en die Raad met verteenwoordiging uit die tersaaklike omgewings. Die TK rapporteer direk aan die Vise-Rektor (Onderrig), via die UK(S) aan die Senaat en via die UK(R) aan die Raad.

5.5.2 Samestelling

By die samestelling van die TK geld twee oorwegings, naamlik kundigheid en verteenwoordigendheid.

Die TK word soos volg saamgestel (10 lede):

1. Die VR(O) as die voorsitter van die Komitee
2. Twee verteenwoordigers uit die Raad
3. Twee verteenwoordigers uit die Senaat, waarvan een uit die Humaniora-omgewing en een uit die SET-omgewing moet wees.
4. Een verteenwoordiger uit die UK(S).
5. Een verteenwoordigers uit die geledere van die steundienstpersoneel
6. Een verteenwoordiger van die Institusionele Forum
7. Een Studenteraadslid
8. Die Direkteur van die Taalsentrum (ex officio)

Die TK word vir 'n termyn van drie jaar verkies.

Die Komitee het die reg om van tyd tot tyd kundigheid in die Komitee te koöpteer soos en wanneer dit nodig geag word.

5.5.3 Take en verantwoordelikhede

Die take en verantwoordelikhede van die TK word van tyd tot tyd deur die Senaat en Raad bepaal. Tipieserwys het die Taalkomitee die volgende verantwoordelikhede:

1. Die TK is verantwoordelik vir die **oorhoofse belyning** van alle besluite wat ooreenkomstig die Taalbeleid en die Taalplan geneem word, ten einde te verseker dat die gees en inhoud van die Taalbeleid gerealiseer word. Hierdie verantwoordelikheid word uitgevoer met inagneming van die rol en funksie van bestaande besluitneming-, ondersteuning- en moniteringstrukture, soos in die beleid aangedui.
2. Die TK **konsulte** en **adviseer** die Bestuur, die Senaat en die Raad oor die aard, die uitvoering, die impak en die moontlike hersiening van die Taalbeleid.
3. Die TK voer **ondersoeke** uit rakende die funksionering van die Taalbeleid en doen voorstelle aan die Bestuur, die Senaat en die Raad oor die uitvoering en/of wysiging van die Taalbeleid.
4. Die TK kan ook bepaalde **moniteringstake** uitvoer soos van tyd tot tyd bepaal deur die Bestuur, die Senaat en die Raad.
5. Die Bestuur skrutineer in oorleg met die TK VS-hoofde se jaarlikse verslae oor die implementering van die US se Taalbeleid in hulle onderskeie omgewings se taalplanne, en adviseer die Senaat en die Raad oor die vraag of genoemde planne bevredigend uitdrukking bied aan die algemene beleidsbeginsels van die Taalbeleid.

5.5.4 Vergaderings

Die TK vergader minstens een maal per kwartaal.

6. Ondersteuning en monitering

6.1 Ondersteunings- en moniteringsfunksies

Ten einde die suksesvolle toepassing van die Taalbeleid te verseker, aanvaar die Universiteit verantwoordelikheid vir die volgende funksies:

- a) Die bevordering van Afrikaans as onderrig- en wetenskapstaal
- b) Die ontwikkeling van Afrikaanse en Engelse taal- en kommunikasie-vaardighede van personeel en studente
- c) Die ontwikkeling van isiXhosa as ontluikende akademiese taal
- d) Ondersteuning aan personeel wat betref die implementering van die Taalbeleid
- e) Die verskaffing van voldoende taaldienste (vertaling, redigering en tolking)
- f) Die deurlopende toetsing en monitering van die Taalbeleid

Hierdie funksies word uitgevoer binne die bestaande bestuur- en ander strukture wat vir hierdie doel in plek gestel is.

6.2 Die Taalsentrum as ondersteuningstruktuur

Die Taalsentrum aanvaar, kragtens sy reglement en sy visie- en missiestelling, die verantwoordelikheid vir die verskaffing en/of koördinerings van die tersaaklike ondersteuning wat vir die effektiewe uitvoering van die Taalbeleid en -plan vereis word. In hierdie opsig tree die Direkteur en die personeel van die Taalsentrum op as die taaldirektoraat van die Universiteit. Die Taalsentrum voorsien ook die sekretariaat vir die Taalkomitee.

6.3 Moniteringstrukture

Navrae en klagtes word hanteer deur 'n hiërargie van die volgende individue of strukture: die Direkteur: Taalsentrum (as 'n inligtingspunt waar navrae oor probleme hanteer kan word), die omgewingshoofde van die onderskeie omgewings (fakulteite, departemente, steundienste-afdelings, sentra, institute, buro's, ens.), die Viserektor (Onderrig) (as die RBS-lid verantwoordelik vir die Taalbeleid), die Taalkomitee, en via die Taalkomitee, die Senaat en die Raad. As laaste uitweg kan 'n klagte aan die ombudspersoon van die Universiteit voorgelê word.

7. Besikbaarheid van hulpbronne

Die Universiteit verseker in oorleg met die tersaaklike bestuursliggame dat voldoende befondsing en ander hulpbronne beskikbaar gemaak word vir die effektiewe uitvoering van die Taalbeleid.

8. Hersiening van die Taalbeleid

Die Taalbeleid word elke vyf jaar in deeglike oorweging geneem vir moontlike hersiening.